



PAUL ROOS GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 | 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

22 Augustus 2021

Geagte Ouers / Voogde

Die derde golf van COVID-getalle het nie net die Wes-Kaap en Stellenbosch getref nie, maar ook vir PRG. Die afgelope week het die bevestigde positiewe COVID 19-getalle drasties toegeneem. In elkeen van hierdie gevalle is die seuns opgevolg en hulle nabye kontak geïdentifiseer sodat hulle kan isoleer. Met die gevolg dat ons tans baie leerders in isolasie het. Ons waardeer dat ons ouers positiewe gevalle aanmeld en dus op 'n indirekte manier ons leerders, personeel en ouergemeenskap veilig hou. In die lig van bogenoemde het ons aansoek gedoen by die WKOD vir 'n tydelike skoolsluiting in belang van ons leerder, personeel en hulle families.

Die WKOD het ons vanmiddag in kennis gestel dat die die skool vir 'n tydperk kan sluit. Ons is werklik jammer vir enige ongerief wat hierdie kort kennisgewing veroorsaak, maar voel dat dit 'n verantwoordelike besluit is, want ons wil niemand op risiko plaas nie. Ons vertrou dat die tydperk 'n verskil sal maak om die verspreiding van die virus onder ons leerders en personeel te keer. Ons besef dat hierdie besluit frustrasie en moeite tot gevolg het, maar ons glo dat ouers en leerders begrip het vir die uitdaging wat die bestuur van die pandemie meebring.

Dit is egter vir ons baie belangrik om nie verdere akademiese tyd te verloor nie, veral met ons matrieks. As ons verdere akademiese tyd verloor met ons matrieks gaan ons nie die sillabusse van sekere vakke kan voltooi nie.

Ons gee die volgende inligting aan u deur:

- PRG sal Maandag tot Woensdag (23, 24 en 25 Augustus) vir alle leerders gesluit wees. Die personeel sal wel daar wees om te verseker dat e-leer voortgaan.
- Slegs grade 11 en 12 keer Donderdag en Vrydag terug. Grade 8-10 gaan met e-leer voort.
- Die oueraande van Woensdag en Donderdag gaan steeds voort.
- Die graad 12 musiekprakties gaan steeds voort aangesien dit hulle finale eksterne prakties is.

- Die toetse geskeduleer vir Dinsdag en Woensdag sal herskeduleer word. Die nuwe datums sal met die leerders gekommunikeer word.
- Koshuisleerders wat handboeke uit hulle kamers benodig, moet asseblief met hulle koshuisvader reëlings tref.
- Koshuisleerders wat van ver af kom, mag steeds in die koshuis aanbly mits hulle nie hoef te isoleer of positief getoets is nie.
- Werk sal op Google-classroom geplaas word.

Ons doen steeds 'n beroep op leerders en ouers om in hierdie tyd verantwoordelik op te tree deur fisiese afstand te handhaaf, gesigmaskers te dra en gereeld te saniteer.



André van Staden

Rektor